**Dinsdag 7 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 2:4-25**
**Fokusgedeelte: Genesis 2:4-25; Heidelbergse Kategismus Sondag 9, 10**

**Gemeenskap met God in sy koninkryk**

In die begin het God sy koninkryk in ’n bepaalde gemeenskapsverhouding met Hom geskep. Hy onderhou en regeer dit deur sy ewige raad en voorsienigheid, met sy almagtige en alomteenwoordige krag. Op sy tyd beskik Hy lower, gras, reën, droogte, vrugbare en onvrugbare tye, voedsel, drank, gesondheid en siekte. Alles kom uit sy hand, en sonder sy wil kan hulle nie roer nie.

Daar is ’n besondere gemeenskap met God en die mens wat nie in die ander geskape dinge is nie. God het die mens uit die aardse stof geformeer. In die mens se neus is lewensasem geblaas sodat die mens ’n lewende siel geword het. Tussen die mens en die tuin is daar ook ’n besondere gemeenskapsverhouding. Hy kry opdrag om te bewerk en te bewaak. Hy mag die vrugte van die bome eet. Deur ’n proefgebod word gehoorsaamheid aan God getoets: *“... maar van die boom van kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe”* (vs 17).

’n Besondere driehoekige huweliksverhouding – God, man en vrou – word ingestel. God bou uit die man se rib die vrou en bring haar na die man. Elkeen het ’n besondere plek voor God. Die man is die hoof. Die vrou is sy hulp sodat hy in staat is om hoof te kan wees. Voor God is hulle *eenders*, maar tog *anders* in lewensroeping. Wanneer hulle trou, is hulle ’n nuwe eenheid – los van hulle ouers. Die naaktheid druk ’n gemeenskapsverhouding uit dat hulle liggaamlik en geestelik oop en bloot voor mekaar is, sonder enige geheime. Niks word weggesteek nie – hulle ondersteun mekaar in die taak wat God hulle in sy koninkryk opgedra het. Ter wille van Christus is God mý God en Vader op Wie ek vertrou!

*Sing: Psalm 104-1:17, 18*

*Ds. AH Stavast (Arie) (emeritus)*